Hoofstuk: 3&4 Paragraaf: 2.		Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar deur die voortplanting van die verdorwe natuur.	1	Job 14:4	Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine - nie een nie!	Wie kan rein uit onrein laat voortkom? Niemand nie!
		Psalm 51:7	Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.	Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het.
		Romeine 5:12	Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het	Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.
		Hebreërs 4:15	Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.	Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.